Nuus van die ... Stormpies

Evangelisasie en dissipelskap in Nederland — Desember 2010

Liewe Familie en Vriende,

Die Here beantwoord weer gebed!

"Ek dank my God elke maal as ek aan julle dink – oor julle gemeenskap aan die evangelie van die eerste dag tot nou toe." Fil 1:3 en 5

Baie dankie vir julle almal se volgehoue betrokkenheid, voorbidding en ondersteuning. Ons waardeer dit werklik. Na die vorige nuusbrief waarin ons voorbidding gevra het, wil ons graag terugvoering gee van hoe die Here julle gebede beantwoord het. Hier volg die nuutste ontwikkelinge en hoe dit nou gaan.

Ons bediening kry 'n nuwe fokus en klem.

In biddende afhanklikheid van die Here is daar na vele gesprekke en onderhandelinge op 'n klemverskuiwing (verbreding) in ons bediening besluit. Die fokus is nou op Bybelonderrig, toerusting en opleiding. Hierdeur het ons minder adminstratiewe en kantoorverpligtings. Ons jare van ervaring word sodoende in diepte ingeploeg in die volgende generasie werkers, sodat hulle weer Bybelgetroue geestelike werkers kan wees. Behalwe die gewone kinderevangelisasie kursusse, sal Marius D.V. ook die Veritas Bybelskool kursus aanbied. Ons is ook nou betrokke by 'n dissipelskap Bybelskool. Hierdie jaar het 70 studente ingeskryf. Dit is deel van 'n organisasie met die naam Heartcry (onder leidng van Arjan Baan). Hulle bid dat die Here herlewing, reformasie en verdieping in Nederland sal bring. Hier is 'n entoesiasme en passie wat aansteeklik op alle vlakke werk. Marius geniet dit om onderwys te gee en ons fokus op hierdie gawes lei tot groot seën en dra ook duidelik vrug. Bid asseblief dat die Here in hierdie proefperiode vir alle betrokkenes duidelik sal laat sien of hierdie veranderde werkswyse Sy wil vir ons is.

Marius gee les by die Bybelskool in Langbroek

Besoek aan Suid-Afrika – 2011

Ons het gehoop om saam met die hele familie 'n keer Suid-Afrika weer te besoek, maar aangesien dit hierdie jaar nie gewerk het nie, lyk dit nie asof dit nou somaar gaan realiseer nie. Maar ons, Marius en Amanda, hoop wel om D.V. gedurende die tweede helfte van volgende jaar (2011) SA te besoek - veral vir deputasie. (Daar is 'n moontlikheid dat Johan Josua en Leonie vir 'n paar weke by ons sal aansluit). Gemeentes, Bybelstudiegroepe en ook individuele ondersteueners kan ons noual kontak. Skakel asb. die voorsitter van die NKA, Ds Hendrik Hefer tel 011 742-2371 (of heferh@mweb.co.za), om afsprake vir hierdie tyd te reël.

Nuus van die Stormpies
NKA / IKEG / CEF

In Suid-Afrika:

Posbus 3259,
Dalview, 1544
Rep van Suid-Afrika
Tel: 011 742 2371
012 6613206
011 6603873

E-pos:
heferh@mweb.co.za
wilna.smit@mweb.co.za

Internet:
www.stormpies.co.za
www.ikeg.nl

In Nederland:
Marius en Amanda Storm
Gruttersdreef 106
NL - 7328 DN Apeldoorn,
Nederland
Tel: 0031 55 543 1893
Faks: 0031 55 542 3731
E-Pos: stormpjes@filternet.nl
Skype: stormpjes

Ons is afhanklik van bydraes vir ons lewensonderhoud. As die Here dit op U hart lê kan u 'n bydrae in die volgende rekening inbetaal:

ABSA: (NKA) Nederlandse Kinderevangelis Aksie
rek nr 240 145 995

Persoonlike nuus

Marius het na verdere ondersoeke en ‘n biopsie aan sy keel gehoor dat daar geen kankerselle gevind kon word nie! Daar is besluit dat geen behandeling op hierdie oomblik sal volg nie. As ons kyk na hoe sake verloop het, kan ons net ons Here en God dank vir Sy Grootheid en Genade. Ons glo dat daar ’n wonder plaasgevind het as antwoord op al die gebede vir hom. Of die Here genees het, weet ons nie, maar HY het die omstandighede so verander dat, wanneer ons terugkyk, ons met reg kan sê dat die Here sekerlik Rom 8:28 laat waar word het. Alles het vir die beste uitgewerk - ook dat ons nie hierdie jaar na SA toe gekom het nie.
Na ons somer vakansie het hy weer ondersoeke (onder andere ‘n sonar) ondergaan. Weereens was die onkoloog tevrede dat daar op die oomblik geen rede tot kommer is nie. Natuurlik word hy gereeld gekontroleer. Ons is baie dankbaar vir die uitslag en vir almal wat vir sy gesondheid gebid het. Hou asseblief aan om vir hom te bid. Hy word baie gou moeg ten spyte van die feit dat hy fiks probeer bly en homself probeer oppas. Dit is vir hom ’n moeilike aanpassing om sy verminderde energie te aanvaar.
Amanda raak stadigaan gewoond aan die feit dat die kinders uit die huis is. Alhoewel Johan Josua nog by ons woon is hy min tuis en is die situasie van “kinders nog op skool hê”, nou anders. Dit maak dit vir Amanda moontlik om meer by die bediening betrokke te wees. A.g.v. haar wisselende gesondheidstoestand is hierdie betrokkenheid meer ondersteunend van aard. Maar dit is lekker om as egpaar saam te werk aan projekte en ook om terugvoering te gee as Marius byvoorbeeld besig is met die Veritas kursus. Dit is verrykend en ’n hele nuwe lewensfase wat aangebreek het. Bid asb vir steeds verhoogde energievlakke sodat meer projekte wat sy op die oog het aangepak kan word.
Ons het ook gevra dat julle sal bid dat **Johan Josua** sy laaste jaar op hoërskool sal slaag. Weereens kan ons met dankbaarheid getuig dat hy deur is en ons op die gebruiklike manier hier, sy skooltas en die Nederlandse vlag voor die huis kon uithang as bewys dat sy skooldae verby is en dat hy geslaag het! ☺ Hy het begin studeer in “Informatica” (Rekenaarkunde?) op die UVA - Universiteit van Amsterdam. Hy reis heen en weer met die trein aangesien studerende jeug gedurende die week gratis kan ry!
Estie het ’n nuwe uitdaging hierdie skooljaar**:** Vir drie dae in die week het sy die kleiner kinders met wie sy die graagste wil werk, maar vir die twee orige dae het sy die ouer kinders. Dit is die groep wat dus al pubers is en dit is nie vir haar maklik nie! Sy en Daniël, haar vaste vriend, het die mooiste klein katjie gered van ’n gewisse dood en ons almal was al verlief op klein Pip…….Maar ongelukkig was hy té klein en swak en het na ongeveer twee weke t.s.v hulle oordadige liefde dit tog nie gemaak nie. Hulle is albei baie lief vir diere en daarom was dit somaar ’n nare ondervinding!

Marna het, a.g.v. aanhoudende diaree, die afgelope paar maande baie gewig verloor. Sy is al ’n geruime tyd onder behandeling van ‘n “maag en darmkliniek”. Na verskeie ondersoeke het hulle ’n kol op die lewer gesien. In haar bloed is daar ook ’n aanduiding van ‘n ontsteking. Gelukkig het sy nie kanker nie, maar ons het so pas verneem dat sy die siekte van Crohn het. (Dit is ‘n kroniese dermontsteking)

Bid vir wysheid hoe om hiermee om te gaan, want dit gaan seker baie aanpassings van haar en die gesin vra.
Richard werk baie hard en klein Abigaile soek al net soos haar ouma na “stoeltjes” m.a.w. na padda-stoele! ☺

JJ hang sy skooltas buite en in die venster staan GESLAAGD en oral hang vlaggies.

Kersgroete

Ons harte is besonder geraak deur reaksies op die vorige nuusbrief i.v.m. Marius wat miskien weer kanker het en chemo terapie sou moes ontvang. Behalwe vir die e-posse en boodskappe op facebook, het mense selfs uit SA *gebel* om ons te bemoedig en te verseker van hulle gebede. Ons het dit so waardeer! Hopelik is die nuus wat ons nou deurgegee het, woord vir woord ’n bewys van gebede wat beantwoord is. Ons loof die Here vir sy Grootheid en ons dank Hom vir julle getroue gebede!

Ons bid dat julle ’n goeie en veilige vakansietyd sal ervaar met rus na siel en liggaam. Mag julle opnuut vervul word met die Heilige Gees deur die herdenking en viering van Jesus Christus se geboorte!

’n Vredevolle Nuwe Jaar toegewens, waarin ons die hoop kan uitspreek om mekaar miskien weer D.V. van aangesig tot aangesig te sien!

Met “een hartelijke groet” uit ’n “winter wordende” Nederland,

Marius, Amanda en Johan Josua Storm

Gebedspunte.

- Dank die Here vir die huidige uitslag van Marius se ondersoeke
- Bid vir Marna vir die behandeling en die aanpassings wat voorlê.
- Dank die Here vir die nuwe klem in ons bediening en bid dat die Here dit sal bevestig.
- Bid vir nuwe voltydse werkers om in die werk te kom wat leierskapsposisies kan inneem.
- Bid vir ‘n eindredukteur vir ons literatuurwerk.